HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NOMMER 30 VAN 2021

12 Julie 2021

Geagte Ouer/Voog, Personeel en Leerder

Aanlyn-toetsreeks
Ons is vanoggend besig met ons toetslopie om voor te berei vir die toetse wat Maandag aanlyn afgeneem gaan word. Die reaksie van ons leerders is in oorwig positief en waar daar probleme is met die indien van die antwoordstelle, word dit dadelik deur 'n span onderwysers direk met die leerder self hanteer. Baie dankie vir die samewerking.

Leerders wat nie internettoegang het nie: Uiteindelik is daar slegs drie leerders in hierdie kategorie en hulle word deur die skool, vir die duur van die toetsreeks, aanlyn ondersteun om wél toegang te hê. GEEN leerder hoef dus skool toe te kom om by die skool in te skakel nie.
Ons vertrou dat dinge volgende week glad sal verloop.

Kovid
Aangeheg ons nuutste syfers. Dit is onrusbarend om weer 'n toename van gevalle te sien. Ons wens elkeen spoedige beterskap toe en bid vir ligte simptome.
Wynand van Heerden in graad 12 het in een week sy pa, Stoffel en oupa weens Kovid aan die dood afgestaan. Ons harte gaan uit na hulle ma, Yolande, Wynand en die res van die familie en vriende. Dit is 'n groot slag vir die gesin. Mag ons Skepper julle elke dag bystaan in hierdie tyd en baie sterkte met die begrafnis wat môre plaasvind.

Hoërskool Randburg: Kovid-19-statistiek															
Dag		Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry	Ma	Di	Wo	Do	Vry
Maand		Junie/Julie				Julie					Julie				
Datum		29	30	1	2	5	6	7	8	9	12	13	14	15	16
Personeel	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	13	13	13	13	14	14	14	14	14	14	15	15	16	16
	Herstel van Kovid-19	11	11	13	13	13	13	13	13	13	14	14	14	14	14
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	2	2	0	0	1	1	1	1	1	0	1	1	2	2
	Self-isolasie: simptomaties en by die huis	4	4	5	5	3	3	3	1	1	0	0	0	0	0
	Komorbiditeit afwesig (werk van die huis af)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Leerders	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	69	69	73	77	79	79	83	83	84	85	90	92	94	95
	Herstel van Kovid-19	53	53	53	54	66	67	68	69	72	80	81	82	82	82
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	16	16	20	23	13	12	15	14	12	5	9	10	12	13
	Self-isolasie: simptomaties en by die huis	2	1	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
	Komorbiditeit afwesig (werk op Google Classroom)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
TOAAL	Aantal Kovid-19-positiewe gevalle vanaf 15 Februarie 2021	82	82	86	90	93	93	97	97	98	99	105	107	110	111
	Herstel van Kovid-19	64	64	66	67	79	80	81	82	85	94	95	96	96	96
	Netto Kovid-19-aktief en in isolasie	18	18	20	23	14	13	16	15	13	5	10	11	14	15
	Self-isolasie: simptomaties en by die huis	6	5	5	5	3	3	3	1	1	0	0	0	0	0
	Komorbiditeit afwesig	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0

Oproer en onlus
Hoërskool Randburg is genadig gespaar van enige skade of pogings tot betreding. Ons is saam met almal ontsteld oor die verloop van gebeure en dink vandag aan almal wat hulle werke en besighede verloor het. Mag hierdie 'n keerpunt in ons land se geskiedenis word wat baie dinge verander om beter te wees. Ons bid ons owerhede die insig, wysheid en moed toe om nou

daadwerklik ’n beter Suid-Afrika vir almal te begin bewerkstellig. Hulle gaan egter elkeen van ons se hulp op een of ander manier nodig hê.

Mag ons beter en sterker hierdeur kom.

Vriendelike groete.



P Booysen: Hoof